

3 Julie 2013

Skrifgedeelte: Job 5:8-18

Fokusgedeelte: Job 5:10

Die dieper boodskap van die reën

Die persoon wat hier praat, se naam is Elifas. Hy is een van Job se vriende wat met hom ernstig saam besin oor waarom al die swaarkry Job getref het. Die drie vriende se gevolgtrekking is dat Job deur God gestraf word, omdat hy sonde gedoen het (4:8, 17). In 5:17 stel Elifas dit duidelik dat dit 'n bestraffing van God is, en tog het Job die Here voor die beproewinge met opregte gehoorsaamheid gedien.

Wat Elifas in vers 8 reg doen, is om Job met al sy vrae en worsteling na God toe te rig. Dit is net by God dat 'n mens weer vrede en uitsig kan kry. As jy jou tot God wend, moet jy onthou dat sy manier van doen vir die mens eintlik onbegryplik is, sê Elifas in vers 9. Die eerste bewys dat dit wat God doen groot, onverstaanbaar en wonderlik is, word in vers 10 gegee. Dit is dat dit God is wat die reën op die aarde gee en oor die veld uitgiet. Ons kyk meestal na die opbou van die reënstorms as iets doodgewoon. Nee, in Job 5 word ons opgeskerp om in die saampak van die wolke en die reënbuie weer God se grootheid raak te sien. Hy gee die reën. Soms sien jy die reën in sulke wolkstrepe. Dit is God as die groot tuinier wat sy reënwater soos met 'n gieter oor die veld uitgiet.

Elifas gebruik die voorbeeld van die reën as 'n bemoediging aan Job. Dink só daaraan dat Hy wat die reën gee, ook by jou lewe betrokke is. Hy wat aan die droë veld weer lewe gee, sal ook vir jou as verlepte mens optel (vs. 11). Lank gelede het God met baie reën baie sondes gestraf (Gen. 6). Toe het Hy die reënboog as teken van sy getrouheid gegee. En Hy het sy belofte gehou en ons as sondaarmense nie vir ewig gestraf nie, maar in Jesus 'n nuwe lewe gegee.

Sing: Psalm 65:7, 8 (Totius)

Dr. SJ van der Walt (Bloemfontein-Suid)